



The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search

<http://ageconsearch.umn.edu>

aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.

Ser.

AGRICULTURAL OUTLOOK CONFERENCE 1986

**AGROCON
LANVOKON**

'86

LANDBOUVOORUITSKOUINGSKONFERENSIE 1986

PRESENTED BY —

- Agricultural Economics Association of South Africa
- Co-ordinating Committee of Agricultural Marketing Boards
- Department of Agricultural Economics and Marketing
- Department of Agriculture and Water Supply
- National Marketing Council
- SA Agricultural Union

**CSIR CONFERENCE CENTRE
Pretoria**

10 AND 11 FEBRUARY 1986

LANDBOUFINANSIERING -- QUO VADIS?

HH

Toespraak deur dr. Japie Jacobs,
Senior Vise-president van die S.A. Reserwebank,
tydens die Landbouvooruitskouingskonferensie -- 1986
te Pretoria op 11 Februarie 1986 om 13h30

Om die vraag te beantwoord oor waarheen ons tans met die stelsel vir die finansiering van die landbou in Suid-Afrika op pad is, moet daar eers duidelikheid verkry word waarom en in welke mate daar 'n verandering in die bestaande stelsel noodsaaklik geag word. In dié verband moet dit duidelik gestel word dat die probleme wat met die huidige stelsel vir die finansiering van die landbou ondervind word nie betrekking het op die rol wat die Landbank en die landboukoöperasies in die proses speel nie. Die monetêre owerhede se belangstelling in die stelsel van landboufinansiering spruit voort uit hoofde van die uitwerking wat die groot aanbod van likwiede bates vir die befondsing van die Landbank, waarvan Landbankwissels by die Reserwebank verdisconteerbaar is, op die funksionering van die finansiële markte en die effektiwiteit van monetêre beleid het.

Die sterk seisoenale neiging in die finansiering van die landbou het 'n ontwrigtende uitwerking op die finansiële markte en meer besonder op die banksektor, veral vanweë die feit dat die fondse wat vir dié doel via die banke na die Landbank gekanaliseer word by wyse van die uitreiking van kredietinstrumente verkry word wat likwiede-

batestatus geniet. Verder moet daar in ag geneem word dat Landbankwissels as likwiede bate by die Reserwebank verdiskonteerbaar is en dat die banke op dié wyse regstreeks of deur bemiddeling van die diskontohuise hulle kontantbesit kan laat styg, wat op sy beurt weer hulle kredietverleningsvermoë verhoog. Een van die belangrike markgeoriënteerde beleidsinstrumente wat die Reserwebank tot sy beskikking het om die grootskaalse monetisering van Landbankwissels en ander likwiede bates met die oog op groter kredietverlening deur die banke teen te werk, is om die bankkoers te verhoog. Op sy beurt word so 'n stap gewoonlik gevolg deur 'n styging in korttermynrentekoerse, waarby die verrekeningsbanke se prima-uitleenkoers ingesluit is. Uiteraard beteken dit dat die koste van fondse vir die Landbank dan ook styg.

Daar is egter ook 'n verdere rede waarom die definisie van likwiede bates verlede jaar ingevolge die wysigings aan die Bankwet hersien en "gesuiwer" is. Dit is die feit dat likwiede bates, wat insgelyks by die Reserwebank verdiskonteerbaar is, aan sekere kriteria moet voldoen. Dit moet byvoorbeeld die beweging van goedere wat vir herverkope bestem is finansier, die onderliggende transaksies moet van 'n selflikwiderende aard wees en die betrokke kredietinstrumente moet vir die Reserwebank vir herdiskonteringsdoelendes aanneemlik wees. In dié opsig moet in gedagte gehou word dat die kredietinstrumente wat deur die Landbank uitgereik word met die oog op die verstrekking van produksiekrediet aan boere via die landboukoöperasies nie aan hierdie

kriteria voldoen nie. Daar moet verder op gewys word dat ander kredietinstrumente wat vir "verdienselike" doeleindes uitgereik is, onder andere ter bevordering van die uitvoer van kapitaalgoedere, insgelyks hulle likwiedebatestatus verloor het.

Die argument kan aangevoer word dat korttermynstaats-effekte, wat hulle likwiedebatestatus behou het, ook nie aan die kriteria voldoen wat vir dié doel gestel word nie. Dit is korrek. Skatkiswissels en korttermynstaats-effekte word egter in 'n groot mate, ook in ander lande, vir opemarktransaksiedoeleindes deur die monetêre owerhede gebruik -- wat ten doel het om die banke se kontantreserwes, korttermynrentekoerse en die banke se kredietverleningsvermoë te beïnvloed. Om dié rede en nie uit verdienstelikheids-oorewegings nie, behou korttermynstaatspapier hulle likwiedebatestatus.

Markverwante rentekoerse vir die finansiering van die landbou

Daar is sedert 1 Julie 1982 goeie vordering gemaak om die Landbank teen markverwante rentekoerse te befonds, wat meegebring het dat sy uitleenkoerse ook meer in verband met die beweging van markrentekoerse gebring is. Sedertdien finansier die Reserwebank byvoorbeeld nie meer regstreeks 'n deel van die Landbank se behoefte aan fondse vir die verstrekking van kaskredietlenings aan die landboukoöperasies

vir die aankoop van landbouprodukte nie. Insgelyks speel oortrokkerekeningfasiliteite by die verrekeningsbanke sedertdien 'n minder belangrike rol ten opsigte van die befondsing van die Landbank. Dit beteken dat die Landbank vanaf Julie 1982 'n groter deel van sy fondse deur middel van die uitreiking van verhandelbare kredietinstrumente, soos Landbankwissels en -obligasies bekom. Sedert Junie 1984 is daar begin om Landbankwissels deur middel van weeklikse tenders te bemark. Die uitstaande saldo van die Landbankwissels wat op dié wyse bemark is, het op 10 Februarie 1986 op R1 080 miljoen te staan gekom. Die handelsbanke se besit aan Landbankwissels wat hulle volgens 'n ooreenkoms registreer by die Landbank opgeneem het, het op dieselfde datum R1 950 miljoen beloop, terwyl die Korporasie vir Openbare Deposito's se besit aan Landbankwissels R500 miljoen bedra het. Afgesien van die uitstaande saldo van Landbankwissels ten bedrae van R3 530 miljoen, het die benutte oortrokkerekeningfasiliteite by die verrekeningsbanke op die betrokke datum R600 miljoen beloop.

Ingevolge die wysigings aan die Bankwet geniet Landbankobligasies wat sedert 31 Julie 1985 uitgereik is nie langer likwiedebatestatus nie. Daar is reeds sedert Mei 1985 begin om ook Landbankobligasies per tender aan die bied. Die bemerking van Landbankpapier teen meer markverwante rentekoerse en die verkorting van die looptyd van Landbankwissels van 6 na 3 maande het gehelp om 'n groter mark vir dié instrumente buite die banksektor te skep en ook 'n meer

aktiewe sekondêre mark vir sodanige papier te ontwikkel. Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat daar tans nog 'n reëling tussen die Landbank en die banke bestaan ingevolge waarvan die banke onderneem om jaarliks teen 'n voorafooreengekome rentekoersformule en vasgestelde bedrae onderskeidelik oortrokkerekeningfasiliteite aan die Landbank beskikbaar te stel en Landbankwissels op te neem. In dié opsig kan aangevoer word dat die Landbank nie geheel teen markverwante rentekoerse befonds word nie. Die tenderstelsel vir die bemarking van Landbankwissels is nietemin 'n ontwikkeling in dié rigting en het ook ten doel om 'n mark vir die papier buite die banksektor te ontwikkel. Die feit dat Landbankwissels deur banke en diskontohuise by die Reserwebank verdiskonteer kan word bevorder natuurlik ook die bemerkbaarheid daarvan.

Die uitstaande bedrag ten opsigte van uitgereikte Landbankobligasies het op 10 Februarie 1986 R1 971 miljoen beloop. Aan die einde van Desember 1985 het die Landbank se middel- en langtermynlenings aan boere en landboukoöperasies R2 775 miljoen beloop, terwyl kaskredietlenings aan die landboukoöperasies 'n verdere R4 807 miljoen bedra het. 'n Deel van die Landbank se kredietverlening word uit deposito's van onder andere landboukoöperasies, teruggeploegde reserwes en staatstoekennings gefinansier. Sy totale bates het aan die einde van Desember 1985 R7 562 miljoen beloop.

In die fase van stygende rentekoerse gedurende 1984/85 het die gemiddelde koste van fondse vir die Landbank ook aansienlik gestyg, na aanleiding waarvan sy uitleenkoerse die volgende hoogtepunte bereik het:

- (a) kaskredietlenings: 24,5 persent vanaf 15 Januarie tot 1 Julie 1985, waarna dit tot die huidige vlak van 15 persent gedaal het,
- (b) verbandlenings: wat op 15 Oktober 1984 na 14 persent verhoog is, en
- (c) middeltermynlenings: ten opsigte waarvan die uitleenkoers vanaf 15 Julie 1984 na 15 persent verhoog is.

Die Landbank se probleem in die algemeen is om krediet vir die landboukoöperasies teen mededingende koerse met die verrekeningsbanke aan die boere vir produksiedoel-eindes beskikbaar te stel. In dié opsig moet daar rekening gehou word met die marges wat respektiewelik deur die Landbank en landboukoöperasies by hulle koste van fondse gevoeg word. Die Landbank se "probleem" is om sy uitleenkoers mededingend met die verrekeningsbanke se prima-uitleenkoers te hou, gedagtig aan die feit dat die landboukoöperasies in hulle kredietverlening aan die boere nog 'n marge daartoe voeg. Die Landbank ondervind geen probleme om, wanneer rentekoerse in 'n opwaartse fase verkeer, sy uitleenkoerse mededingend met die verrekeningsbanke se prima-uitleenkoers te hou nie. Sy probleem is egter om mededingend te bly

wanneer die banke se prima-uitleenkoerse betreklik vinnig daal, soos gedurende die afgelope tyd die geval was. Vir dié doel het die termynsamestelling van sy totale laste uiters belangrik geword, terwyl daar verder in gedagte gehou moet word dat hoe korter sy gemiddelde onverstreke termyn van sy laste in 'n fase van dalende rentekoerse is, hoe makliker word hy in staat gestel om sy uitleenkoerse mededingend afwaarts aan te pas. Wanneer rentekoerse styg, is dit weer voordeliger om 'n langer gemiddelde onverstreke termynstruktuur ten opsigte van sy laste te hê.

Die handelsbanke se besit aan kredietinstrumente van die Landbank wat as likwiede bates kwalifiseer het aan die einde van Oktober 1985 R1 837 miljoen beloop, of 42 persent van hulle totale besit aan likwiede bates. Dit moet verder in gedagte gehou word dat die Reserwebank op daardie stadium ook R756 miljoen se Landbankwissels in sy portefeulje gehou het wat hy vir die banke/diskontohuise verdisconteer het.

Die aanbevelings van die De Kock-Kommissie

Na aanleiding van die opmerkings dat die monetêre owerhede se belangstelling in die bestaande stelsel vir die finansiering van die landbou via die Landbank/landboukoöperasies voortspruit uit die groot hoeveelheid likwiede bates wat op dié wyse aan die banke beskikbaar gestel word en wat

by die Reserwebank verdiskonteerbaar is, en die nadelige uitwerking wat hierdie metode om die Landbank te befonds op die effektiwiteit van monetêre beleid het, het die De Kock-Kommissie aanbeveel dat:

- (a) Slegs wissels wat die Landbank uitreik vir die finansiering van die aankope van voorrade deur landboukoöperasies wat vir herverkope bestem is likwiedebatestatus geniet -- dit wil sê dat die Landbank nie deur die gebruik van kredietinstrumente wat likwiedebatestatus geniet, fondse vir die verstrekking van kaskrediete aan landboukoöperasies kan opneem wat die koöperasies dan weer op hul beurt kan gebruik vir die verstrekking van produk-siekrediet aan boere nie.
- (b) Landbankobligasies nie likwiedebatestatus moet geniet nie, maar nog as 'n voorgeskrewe belegging vir onder andere banke en bouverenigings kwalifiseer, en
- (c) die Reserwebank in hierdie omstandighede bereid is om in 'n mate die Landbank te befonds -- wat noodwendig by wyse van die verdiskontering van likwiede Landbankwissels sal moet geskied. Die gedagte is verder uitgespreek dat die Reserwebank verkies om nie verdere lenings aan die beheerrade te verstrek nie, wat eintlik daarop neerkom dat die

landboubeheerrade verkieslik hul rekenings van die Reserwebank na die handelsbanke moet verskuif.

Daar moet verder ook in ag geneem word dat die De Kock-Kommissie aanbeveel het dat die banke se likwiedebatevereistes verlaag moet word en op onderskeidelik 20, 15 en 5 persent van hulle kort-, middel- en langtermynverpligtings teenoor die publiek vasgestel moet word. Dit beteken natuurlik ook 'n kleiner mark vir likwiede bates in die banksektor.

Die aanbevelings van die De Kock-Kommissie is reeds in die gewysigde Bankwet beliggaam. Om die Landbank en landboukoöperasies in staat te stel om hulle by die veranderde omstandighede aan te pas, maak die Bankwet egter daarvoor voorsiening dat die veranderde likwiedebatestatus wat vir Landbankwissels en die handelsbanke se oortrokkerekening-fasiliteite aan die Landbank geld, oor 'n termyn van drie jaar ingefaseer word. Die Landbouwerkkomitee is verder besig met 'n ondersoek oor landboufinansiering in die algemeen en die implikasies wat dié wysigings aan die Bankwet op die bestaande stelsel van landboufinansiering via die Landbank/landboukoöperasies sal uitoefen.

Gevolgtrekkings

In sy ontleding van die bestaande stelsel van finansiering van die landbou het die De Kock-Kommissie dit duidelik gestel dat daar in dié opsig spesifieke behoeftes bestaan, wat onder andere voortspruit uit die riskantheid van boerderybedrywighede en die seisoenale aard van landbouproduksie. Indien dit vanweë hierdie omstandighede nodig geag word om finansiering aan boere vir byvoorbeeld produksiedoeleindes teen begunstigde rentekoerse te verstrek, moet dit verkieslik op 'n wyse gedoen word wat nie die funksionering van die finansiële markte versteur en die effektiwiteit van die monetêre beleidsmaatreëls nadelig affekteer nie.

Dit beteken dat die Landbank fondse teen mededingende markrentekoerse sal moet opneem en dat, in die mate wat dit in die nasionale belang geag word, sy uitleenkoerse dan deur die Staat gesubsidieer moet word. Die banke beskou dit nie as hulle funksie om krediet teen begunstigde rentekoerse via die Landbank aan die landbou beskikbaar te stel nie -- veral nie in die lig van die totale bedrag wat daarby betrokke is nie. Dit is dus 'n geval dat die stelsel van landboufinansiering nie só geplooi moet word dat dit die effektiewe funksionering van die finansiële markte versteur nie.

Die belangrike vraag wat beantwoord moet word, is of die infasering van die gewysigde likwiedebatestatus van instrumente wat vir die befondsing van die Landbank bemark

word enige ingrypende verandering in die bestaande patroon van finansiering van die landbou sal meebring. Alhoewel hierdie aangeleentheid nog deur die Landbouwerkkomitee ondersoek word, is my voorlopige indruk dat dit nie die geval sal wees nie. Alhoewel die Landbank ten opsigte van sy korttermyn-kredietverleningsbedrywighede deel van die banksektor vorm, aanvaar die monetêre owerhede dat hy 'n uiters belangrike rol in die finansiering van die landbou te speel het. In die algemeen het boere wat hulle produksiekrediet gedurende die afgelope jaar van hul landboukoöperasies opgeneem het dit in die algemeen teen aansienlik laer rentekoerse verkry as wat elders beskikbaar was. Dit word toegegee dat die Landbank nie sy fondse geheel teen mededingende markrentekoerse bekom het nie, maar die gaping tussen die rentekoerse waarteen die handelsbanke in die algemeen krediet aan boere verstrek, vergeleke met dié wat via die landboukoöperasies beskikbaar is, is só groot dat dit genoegsame ruimte laat vir die voortbestaan van die huidige patroon van landboufinansiering. In die mate wat die gewysigde stelsel die koste van landboufinansiering verhoog, sal oorweging aan die subsidiëring van sekere van die Landbank se uitleenkoerse verleen moet word.

